

South African Medical Journal

Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Geneeskunde

P.O. Box 643, Cape Town Posbus 643, Kaapstad

Cape Town, 13 September 1958
Weekly 2s. 6d.

Vol. 32 No. 37 Deel 32

Kaapstad, 13 September 1958
Weekliks 2s. 6d.

DIE BAL-EN-POTJIE ENKELGEWRIG

ANDRÉ ROUX, M.B., Ch.B., F.R.F.P.S., F.R.C.S. (EDIN.), *Kliniese Assistent in Ortopedie, Karl Bremer-Hospitaal, Bellville, Kaap*

Hierdie seldsame aangebore afwyking is die eerste keer beskryf deur Lamb (Mei 1958)¹. Hy rapporteer vanaf Edinburg 5 gevalle van hierdie toestand en ek wil nou 'n geval—die sesde—rapporteer.

Op 6 Januarie 1958 het ek 'n blanke seun, 9 jaar oud, by ons buitepasiënte-afdeling gesien. Die seun is deur sy ouers gebring weens 'n aangebore verkorting van sy regterbeen. Radiologiese been-lengte plate het 'n verkorting van 1½ duim getoon. Inversie- en eversie-bewegings van die voet was vol. Die roëntgenogram van die enkel (Fig. 1) het 'n bal-en-potjie gewrigsoort gewys. 'n Laterale plaat van die voet (Fig. 2) het ook talo-navikulêre fusie getoon, sowel as fusie van die proksimale deel van die vierde en vyfde metatarsale bene. Inversie, eversie, fleksie en ekstensie vind dus plaas in die enkelgewrig. 'n Roëntgenogram van die

knieë het 'n hoogliggende kop van die fibula getoon. Die kop was bokant die proksimale epifese van die tibia (Fig. 3).

Die bevindinge in hierdie geval is in ooreenstemming met dié beskryf deur Lamb. Volgens hom het al 5 gevalle aangebore afwykings gehad, waarvan 3 aangebore been-verkorting was en 4 het fusie van sommige van die voetbene getoon. Lamb maak ongelukkig nie melding of die fibulêre koppe in sy gevalle hoogliggend was nie. Dit is moontlik dat hierdie afwyking ook deel van die algemene prent is van 'n aangebore kort been.

My dank aan dr. R. Kotze, Mediese Superintendent, Karl Bremer-Hospitaal, Bellville, Kaap, asook aan dr. Hamilton Bell, hoof van die afdeling Ortopedie, vir hul toestemming vir publikasie van hierdie artikel.

VERWYSING

1. Lamb, D. (1958): *J. Bone Jt. Surg.*, 40B, 240.



Fig. 1. 'n Bal-en-potjie gewrigsoort van die enkel.

Fig. 2. 'n Laterale plaat van die voet toon talo-navikulêre fusie sowel as fusie van die proksimale deel van die vierde en vyfde metatarsale bene.

Fig. 3. 'n Hoogliggende kop van die fibula.

POLIOMYELITIS VACCINE

From reports in the Press it would appear that a misunderstanding has arisen regarding our statement on poliomyelitis vaccine in an Editorial in the *Journal* of 6 September 1958 (32, 885).

We stated in our Editorial that an Expert Committee of the World Health Organization had expressed a strong opinion that the time had come when controlled field trials of live-virus polio vaccine should be undertaken and that such trials should be supervised by an individual experienced in polio virus investigations with adequate laboratory facilities and the assistance of other

virologists as consultants. The Expert Committee, we said, had laid down technical criteria which it considered should be satisfied. We went on to say: 'it would appear that South Africa is well equipped to comply with the suggested conditions.'

These last words were an expression of our Editorial opinion. The Expert Committee did not make any such statement; and while we hold it to be a fact that the Union is in an excellent position to carry out a field trial of live-virus polio vaccine, we feel that we should make it clear that the World Health Organization Expert Committee did not say so.